Ontmoeting 6

Kersfees

In hierdie ontmoeting fokus ons op die voorspellings van Jesus se koms na die aarde, wat waar word in die Nuwe Testament.

Teks: Verskeie (Hierdie is ook ‘n “Slakkie Posslak” byeenkoms – meer inligting oor Slakkie Posslak in Boek 11 Ontmoeting 6 “Paulus se brief aan die Romeine”)

Hulpmiddels:

- 1 Boks waarvan die deksel en die onderste gedeelte afsonderlik met geskenkpapier toegedraai is
- 6 Groot koeverte wat binne-in die boks pas
  Elke koevert het een van die volgende in:
  1. ŉ Strook papier: Knip ŉ A4-papier in die lengte middeldeur en plak twee van die kort kante aanmekaar om ŉ lang strook te vorm (of vergroot die prent van die pad). Skryf binne-in Jes 40:3: “Maak vir die Here ŉ pad in die woestyn, maak in die barre wêreld ŉ grootpad vir ons God!”
  2. ŉ Kaartjie met die buitelyne van Josef, Maria en die baba in die krip daarop. Skryf binne-in die kaartjie Jes 7:14: “Die Here sal daarom self vir julle ŉ teken gee; ŉ jong vrou sal swanger word en ŉ seun in die wêreld bring en sy sal Hom Immanuel noem.”
  3. ’n Huis: ŉ A4-papier waarvan 2 hoeke afgesny is om ŉ dakkie voor te stel en in die middel 2 deure wat kan oopmaak. Skryf agterop Miga 5:1: “En jy Betlehem Efrata, is maar ŉ klein, onbelangrike dorpie. Maar uit jou sal daar Iemand kom wat aan My behoort.”
  4. ’n Engel: Maak ŉ kaartjie wat soos ŉ engeltjie uitgesny is en skryf daarin Jes 9:5-6a: “Vir ons is ŉ Seun gebore, aan ons is ŉ Seun gegee; Hy sal heers en Hy sal genoem word: Wonderbare Raadsman, Magtige God, Ewige Vader, Vredevors. Sy heerskappy sal uitbrei, en Hy sal vir altyd vrede en voorspoed bring.”
  5. ’n Ster: Sny ŉ 6-punt ster uit ’n A4 en skryf agterop Miga 5:1: “Nou gaan Ek vir julle ŉ nuwe koning uit Betlehem laat kom. Hy sal aan My behoort en Hy sal regeer.”
  6. ’n Donkie: Skryf op die uitgeknipte prent van ŉ donkie die woorde van Hosea 11:1: “Ek het Hom, my Seun uit Egipte geroep”.

Welkom

“Stuur die geskenk”: Draai ŉ paar goedjies soos pakkies lekkergoed of koekies in baie lae koerant- of tydskrifpapier toe en plak elke laag met kleeflint vas. Verdeel die kinders in groepe en gee vir elke groep ’n geskenk. Sodra die musiek begin speel, stuur hulle die geskenk om. Wanneer die musiek stop, begin die kind wat die geskenk in die hand het om die pakkie oop te maak. Wanneer die musiek weer begin, moet hy die geskenk aangee. Hou so aan totdat die geskenke oop is. Al die eetgoed word saam in een bak gegooi en onder die hele groep verdeel.

Wyding

Stilword-ritueel: Gaan sit met jou hande oop op jou skoot soos iemand wat ŉ geskenk gaan kry. Sê vir God dankie dat Hy sy Seun in Kersfeestyd aarde toe gestuur het. Hy het vir ons die heel grootste geskenk ooit gegee.

Sing ŉ paar Kersliedere.

Woord

Slakkie: As ek handjies gehad het, het ek hulle vandag geklap, maar nou sal ek maar net op en af spring van opgewondenheid. Ek sien julle het presente. Dis mos amper Kersfees en die winkels is vol mooi goed. Ek het nou al gehoor dat Kersfees oor Jesus se geboorte gaan. Maar ek wonder of dié Jesus waarvan ons in die Bybel lees, regtig die Verlosser is wat God belowe het. Daar is so baie mense wat nog nie glo dat dit Hy is nie. Miskien moet ek vir oupa Pietie Preekstoel vra – hy het mos al die antwoorde. Hy het juis vandag vir ons sommer 'n gro-o-o-t present gestuur – dalk omdat Kersfees om die draai is. Ek kan nie wag om dit oop te maak nie! *(Laat hy die deksel van die boks afhaal en die eerste koevert uithaal.)* Kyk net al die briewe. Kom ons begin met die eerste brief.

1. Die Strook

Hier is 'n la-a-a-ang brief. *(Lees die boodskap op die papier.)*
Daar is voorspel dat daar iemand voor Jesus moes wees om aan te kondig dat Hy gekom het. Die persoon sou in 'n woestyn bly. Ek wonder of daar toe so iemand was. *(Wag vir reaksie*). Ja, ons lees in Lukas 1 dat 'n engel aan 'n priester met die naam Sagaria verskyn het en vir hom gesê het dat hy en sy vrou 'n baba sou hê. Dié seuntjie moes hulle Johannes noem en hy moes op 'n baie spesiale manier grootgemaak word. God het hom gekies vir 'n belangrike werk. Hy sou baie Israeliete wat sonde doen, terugbring op die pad na die Here toe. Sy heel belangrikste werk sou wees om vir hulle te sê dat die Here op pad is. Hy sou die Israeliete gereed kry vir die Here se koms. So, hier is een van die voorspellings wat waar geword het.
Kom ons kyk wat is in die tweede koevert.

2. Die Kaartjie

Lees die Skrifgedeelte.
Jesaja het voorspel dat 'n jong vrou 'n baba sou kry. Ons lees in Lukas 1:26 dat daar in die dorpie Nasaret 'n jongmeisie gebly het met die naam Maria. Sy was verloof aan Josef. Eendag het 'n engel van die Here aan haar verskyn en vir haar gesê sy sal 'n seuntjie kry en sy moet Hom Jesus noem. Hy was baie belangrik, want Hy was die Seun van God. (Immanuel beteken: "God met ons".) Hierdie voorspelling van Jesaja het ook waar geword.
Nou raak ek baie opgewonde – kom ons kyk watter voorspellings was daar nog oor Jesus.

3. Die Huisie

Lees die teksvers daarop.
Miga het voorspel dat die Koning in Betlehem gebore sou word, maar Maria en Josef het in Nasaret gebly. Ek wonder – weet julle hoe dit gebeur het dat hulle in Betlehem beland het? Ons lees dit in Lukas 2:1: "In daardie tyd het keiser Augustus gesê dat al die mense in die Romeinse ryk getel moes word. Almal moes na hulle geboorteplekke toe gaan om hulle name daar te laat inskryf. Josef, Maria se verloofde, het van Nasaret af na Betlehem, die stad van Dawid gegaan. Hy het soontoe gegaan, want hy kom uit Dawid se nageslag. Maria, wat toe vir Jesus verwag het, het saam met hom gegaan. Terwyl Josef en Maria in Betlehem was, is Jesus gebore." So hierdie voorspelling het óók waar geword. Jesus ís in Betlehem gebore, al het Maria en Josef in Nasaret gebly.

4. Die Engel

Lees die Skrifgedeelte.
Ek wonder of die Kersverhaal ons iets van die vrede en voorspoed gaan vertel wat Jesaja voorspel het. Lukas 2:8-14 vertel vir ons nog 'n pragtige deel van die verhaal.
Naby Betlehem het 'n klompie mense gebly wat skape oppas. Hulle het in die veld geslaap. Een nag kom 'n engel van die Here na hulle toe. Die Here se krag het alles rondom hulle helder lig gemaak. Die skaapwagters het groot geskrik, maar die engel sê vir hulle: "Moenie bang wees nie. Ek het goeie nuus vir julle. Hierdie nuus is vir die hele volk bedoel: Vandag is die Redder in Betlehem gebore. Hy sal almal wat glo, se sondes wegvat. Hy is Christus, die Here. Gaan soek na 'n baba wat styf in doeke toegedraai is en in 'n voerbak van diere ('n krip) lê en slaap. Dit is Hy!"
Skielik was daar baie engele rondom hulle. Hulle het God geprys en gesing: "Eer aan God! Hy bly in die hoogste hemel. Daar is nou vrede vir almal op aarde wat in Christus glo. God vier fees oor hulle."
Wonderlik! Die skaapwagters en engele se storie vertel vir ons dat Jesus vrede gebring het vir almal wat in Hom glo.

5. **Die Ster**

Lees die teks.

So hierdie baba wat gebore is, is ħ koning. Ek wonder of iemand daardie tyd geweet het dat Hy ħ koning is. Daar kuier mos net belangrike mense by ħ koning en ons het nog net gehoor van eenvoudige skaapwagters wat vir Hom gaan kuier het.

Matt 2:1,2 vertel vir ons: Kort nadat Jesus gebore is, het ħ klompie slim mense uit die Ooste na Jerusalem toe gekom. Hulle het die sterre dopgehou en daaruit probeer leer. Hulle het oral in die stad vir die mense gevra: "Waar is julle nuwe koning? Ons het ħ belangrike ster gesien terwyl ons in ons eie land na die sterre gekyk het. Ons het hierdie ster gevolg, want ons weet dit beteken dat 'n koning gebore is. Die ster het ons tot hier gelei. Julle nuwe koning moet hier iewers wees. Ons wil graag vir hom geskenke gee om te wys hoe bly ons is oor sy geboorte."

Niemand in Jerusalem het van ħ nuwe koning geweet nie, totdat Herodes die priesters wat die voorspellings geken het, laat kom het. Hulle het geweet dat God belowe het dat die Verlosser in Betlehem gebore sou word. Hulle het die wyse manne uit die Ooste daarvan vertel en die wyse manne het na Betlehem toe gegaan. Op pad het die ster weer voor hulle uitgegaan en vir hulle die pad gewys. Uiteindelik het die ster bo die plek gaan staan waar Jesus en sy ouers was. Toe het die wyse manne ingegaan en vir Hom presente gegee soos wat mens vir ħ koning gee, naamlik goud, wierook en mirre. Ja, daar was baie belangrike mense wat geweet het dat Jesus die Koning is!

6. **Die Donkie**

Lees die Skrifgedeelte.

Hier voorspel Hosea dat God se seun uit Egipte sal kom. Ek wonder hoe dit gebeur het. Hulle is dan in Betlehem. Ons lees in Matteus 2:16–18 dat koning Herodes planne gehad het om baba Jesus dood te maak, want hy wou alleen koning wees. Gelukkig het die wyse manne hom nie gaan vertel waar baba Jesus presies was nie. Toe hy dit agterkom, was hy baie kwaad daaroor. Hy stuur toe ħ klomp soldate na Betlehem toe en sê: "Gaan soek al die seuntjies jonger as 2 jaar. Maak hulle dood!" ħ Engel van die Here het aan Josef verskyn en hom gewaarsku om te vlug. Dadelik het hulle opgepak en na Egipte toe gevlug waar Herodes nie die baba kon kry nie. Baie jare later, toe Herodes dood was, het hulle teruggegaan na Nasaret. Dis waar!! Al die voorspellings wat in die Ou Testament oor Jesus gemaak is, het waar geword. Mens kan mos nie anders as om te glo dat Hy regtig die Christus is wat God belowe het nie! En al wat Hy van ons vra, is dat ons in Hom moet glo. En dis waaroor Kersfees gaan! Dis ħ tyd om fees te vier! Kom ons vier fees vir ons Koning!



Kinders kry tyd om oor die verhaal te dink:

1. Ek wonder watter deel van die storie gaan julle die beste onthou.
2. Ek wonder in watter van die dorpies wat ons genoem het, sou jy graag wou wees.
3. Ek wonder watter ander beloftes in die Bybel gaan nog waar word.
4. Ek wonder watter geskenk sou jy vir Jesus gee.

Werskaf

- Hou ħ Kerspartytjie.
- Maak ħ uitstalling van die hulpmiddels.
- Gee vir elke kind ħ papier en laat hulle 'n prent oor Jesus se geboorte uitknip en 'n voorspelling daarop skryf. Groter kinders kan al die teksverwysings op hulle prent skryf.

Sluit af met die seënbede

Jes 7:14: “Die Here sal daarom self vir julle ’n teken gee; ’n jong vrou sal swanger word en ’n seun in die wêreld bring en sy sal Hom Immanuel noem.”









Hosea 11:1: “Ek het Hom, my Seun uit Egipte geroep”.